Die belangrikheid van familiestrukture binne volksverband

Om die belangrikheid van familiestrukture binne volksverband vas te stel, moet ons eers vasstel wat met familiestrukture bedoel word.

A. Binne hedendaagse terme word familie- en verwante strukture, as volg gedefinieer:

Definisie van:

1. **Gesin:** ‘n Gesin bestaan uit ‘n ouerpaar en hul kinders.

2. **Familie:** ‘n Familie is 'n groep persone waarmee mens direk of indirek deur middel van gesinsverband verbind is - vader, moeder, broers, susters, oupa’s, ouma’s, ooms, tantes, neefs, niggies, ens. Dit berus op bloedverwantskap en die klienste boublok daarvan is die gesin.

3. **Uitgebreide familie**. Die uitgebreide familie bestaan uit verskeie families en word m.b.v. familie-stambome gedefinieer en d.m.v. genealogiese metodes gedokumenteer. ‘n Uitgebreide familie kan op Bybelse gronde as ‘n Stam beskou word, soos die twaalf stamme van Israel. Binne Afrika kultuur bestaan inboorling-stamme nog steeds vandag en word deur ‘n hoofman regeer, waaruit tradisionele leiers spruit en geniet staatkundige erkenning deur die huidige regering.

4. **Genealogie**: Genealogie is die wetenskap wat die verwantskapsbetrekkinge tussen die lede van die nageslag van een of meer familie, naspoor en dokumenteer.

5. **Volk:** ‘n Volk is ‘n groepering van families afkomstig uit ‘n homogene ras wat deur ‘n gemeenskaplike kultuur [taal, geskiedenis, geloof, ens.] saamgebind word. Hulle beset ‘n geografiese gebied en ontwikkel ’n eiesoortige staatsbestel wat samehorigheid bevorder en beskerm.

6. Kultuur: Kultuur in die algemeen verwys na die patroon van menslike aktiwiteite [gedrag] en word ook gekenmerk aan die ganse geestelike besitting van ‘n volk op elke lewensterrein.

- Dit versinnebeeld die beskawingstoestand van ‘n volk.
- Verskillende volkere besig verskillende kulture.
- Kultuur word van geslag tot geslag deur 'n leerproses [tradisie], oorgedra.
- Kultuur is hoofsaaklik die produk van ‘n volk se taal, literatuur, geloof, sedes, musiek, kuns, kleredrag, eetgewoontes en arbeidsaamheid.
- Kultuur is die manier waarop ‘n volk leef.
- Die intellektuele stand van 'n volk word deur hul kultuur uitbeeld.
- Kultuur verander stelselmatig na gelang van veral externe invloede, waarvan tegnologie die vernaamste is.
- Kultuur, wat die bestaanswyse van ‘n volk definieer, herinner aan die Engelse woorde, culture en cultivate. Kultuur kom dus neer op die wyse waarop ‘n volk die aarde bewoon, bewaak en bewerk, soos opgeteken in:
- Gen.2 en 3.

7. Nasie: ‘n Nasie is ’n politieke eenheid en nie noodwendig homogeen wat ras aanbetref nie en ook nie noodwendig beperk tot een Volk nie. ’n Nasie kan saamgestel wees uit verskillende rasse, volke en individue, waarvan Suid–Afrika tans ‘n goeie voorbeeld is. Almal word gelyk gestel, ongeag hul gelowe.

8. Ras: ‘n Ras is ‘n groep verwante mense, diere of plante wat deur vaste erflike eienskappe gekenmerk word. Daar is naas die Adamiese ras [Blankes], ander rasse ook, bv. die Mongloide [Chinese], Negroide [Negers], Australoide [Aborigines], ens.

‘n **Familie** word derhalwe gekenmerk aan die hand van die **gesinne** daarvan, asook aanverwante families om **uitgebreid families** of **stamme** te vorm. Hierdie uitgebreide families of stamme vorm dan ‘n **volk** soos in die geval van die kinders van Israel [Twaalf kinders van Jakob]. Hulle staan algemeen as die 12 Stamme van Israel bekend en het aan die hand van sekere voorskrifte en beloftes tot stand gekom en is deur God in die Beloofde Land geplaas wat **geografies afgebaken** is en binne stamverband verdeel is. Hulle staatkundige bestel is op die Bybelse Wet gegrond.

B. Skematiese uiteensetting van ‘n Familiestruktuur



Die diagram skets ‘n tipiese stamboom, en herinner aan die stamboom van Adam soos opgeteken in Gen.5

Gen.5:1-3

1 Dit is die stamboom van Adam. Die dag toe God Adam geskape het, het Hy hom gemaak na die gelykenis van God. :2 Man en vrou het Hy hulle geskape en hulle geseën en hulle mens genoem, die dag toe hulle geskape is. :3 Toe Adam honderd en dertig jaar oud was, het hy ‘n seun verwek na sy gelykenis, na sy ewebeeld, en hom Set genoem.

Stambome kom dwarsdeur die Bybel voor. So is Christus se geslageregister [stamboom] ook in die Bybel opgeteken:

Mat 1:1-4

1 Die geslagsregister van Jesus Christus, die seun van Dawid, die seun van Abraham: :2 Abraham was die vader van Isak, en Isak die vader van Jakob, en Jakob die vader van Juda en sy broers; :3 en Juda was die vader van Peres en Serag by Tamar, en Peres was die vader van Hesron, en Hesron die vader van Ram, :4 en Ram die vader van Ammínadab, en Ammínadab die vader van Nagson, en Nagson die vader van Salmon,

Hiermee die stamboom van Abraham, Isak en Jakob.



Mense wat al familiebybels onder oë gehad het sal weet dat 'n stamboom diagram voor in die Bybel aangebring is waarin die gesin hul familie se name kan inskryf.

C. Die belangrikheid van Familiestrukture binne volksverband.

Noudat duidelikheid oor die omvang van familiestrukture vasgestel is, en ons nou weet wat daarmee bedoel word, laat ons die belangrikheid daarvan vasstel.

1. Familiehoofde

Die oorspronklike familiehoofde van elk van die Stamme van Israel sou die twaalf seuns van Jakob [Israel] wees.

Num 32:28 Toe het Moses aangaande hulle aan die priester Eleásar en aan Josua, die seun van Nun, en aan die **familiehoofde** uit die stamme van die kinders van Israel bevel gegee,

Die bevele van Moses is oorgera aan die priesters en familiehoofde, wat dan uitvoering daaraan moes gee.

Dit was dan die taak van die familiehoof om op hoogte te wees van die wette en toe te sien dat dit toegepas word.

Hierdie familiehoofde het op grond van die seëninge wat oor hulle uitgespreek is in Gen.49, sekere kentekens en bedienings ontvang waaraan hulle tot in die verre toekoms aan uitgeken sou word. Dit word hieronder as "veldtekens van hul families" vertaal.

Num.2:1-3

1 En die HERE het met Moses en Aäron gespreek en gesê: :2 Die **kinders van Israel** moet laer opslaan elkeen by sy **vaandel** by die **veldtekens van hulle families;** op 'n afstand rondom die tent van samekoms moet hulle laer opslaan. :3 En die wat aan die oostekant, teen sonop, laer opslaan, moet wees: die **vaandel** van die laer van Juda volgens hulle leërafdelings; en Nagson, die seun van Ammínadab, moet **owerste** oor die seuns van Juda wees.

Die King James Bybel vertaal die **veldtekens van die families** as **tekens van die huis van die vaders.**

Num 2:2 Every man of the children of Israel shall pitch by his own standard, with **the ensign of their father's house**: far off about the tabernacle of the congregation shall they pitch.

Vers 2 hierbo meld dat die kinders van Israel laer moes opslaan by hul onderskeie vaandels.



Dit kom daarop neer dat die onderstaande familiewapens of vaandels die oorsprong van die heraldiek is soos ons dit vandag ken.

Gad

Simeon

Juda

Issaskar



Figure 5


ISSACHAR
JUDAH
ZEBULIN
JUDAH
NAPHTALI
SIMEON
DAN
REUBEN
DAN
REUBEN
EPHRAIM
ASHER
GAD
BENJAMIN
EPHRAIM
MANESSAH

Hiermee ‘n paar hedendaagse familiewapens.

Botes

Van Der Merwe

Lombard

Dumas

Swanepoel

Van Zyl

Erasmus

Van Niekerk

Groenenstein

De Jager

Jeffrey

Lehmann

Joubert

Kleinhans

Dit kom daarop neer dat die onderskeie families einlik elk ‘n familiehoof moet hê wat die familie in die vergaderings van die volk moet verteenwoordig.

Jos.22:13 En die kinders van Israel het Pinehas, die seun van Eleásar, die priester, na die kinders van Ruben en die kinders van Gad en die halwe stam van Manasse, na die land Gílead gestuur, :14 en tien owerstes saam met hom, vir **elke familie** van al die **stamme van Israel** een **owerste**; en hulle was elkeen ‘n **familiehoof** van **die stamme van Israel**.

Hieruit is dit duidelik dat die familiehoofde ook stamhoofde was asook owerstes, wat namens die volk sekere take moes verrig. Hulle was saam met die **priesterdom** die hoogste volksgesag. Lees gerus die betrokke gedeelte.

2. Koninklike Priesterdom

Dit bring mens by Petrus se brief waar hy van die heilige volk as ‘n koninklike priesterdom praat. Hierin gee hy as apostel ook sommer baie voorskrifte m.b.t. die ordelike voortbestaan van die volk, ook in gesindverband.

1Pe 2:1 Lê dan af alle boosheid en alle bedrog en geveinsdheid en afguns en alle kwaadpratery;
1Pe 2:2 en verlang sterk soos pasgebore kindertjies na die onvervalste melk van die woord, dat julle daardeur kan opgroei,
1Pe 2:3 as julle ten minste gesmaak het dat die Here goedertieren is.
1Pe 2:4 Kom na Hom toe, die lewende steen wat deur die mense wel verwerp is, maar by God uitverkore en kosbaar is;
1Pe 2:5 en laat julle ook soos lewende stene opbou, tot ‘n geestelike huis, ‘n heilige priesterdom, om geestelike offers te bring wat aan God welgevallig is deur Jesus Christus.
1Pe 2:6 Daarom staan dit ook in die Skrif: Kyk, Ek lê in Sion ‘n uitverkore en kosbare hoeksteen, en die wat in Hom glo, sal nooit beskaam word nie.
1Pe 2:7 Vir julle dan wat glo, is Hy kosbaar; maar vir die ongelowiges geld die woord: Die steen wat die bouers verwerp het, dit het ‘n hoeksteen geword; en: ‘n Steen des aanstoots en ‘n rots van struikeling—
1Pe 2:8 vir dié wat hulle daarteen stamp, omdat hulle aan die woord ongehoorsaam is, waarvoor hulle ook bestem is.
1Pe 2:9 Maar julle is ‘n uitverkore geslag, ‘n koninklike priesterdom, ‘n

heilige volk, 'n volk as eiendom verkry, om te verkondig die deugde van Hom wat julle uit die duisternis geroep het tot sy wonderbare lig,
1Pe 2:10 julle wat vroeër geen volk was nie, maar nou die volk van God is; aan wie toe geen barmhartigheid bewys is nie, maar nou bewys is.
1Pe 2:11 Geliefdes, ek vermaan julle as bywoners en vreemdelinge om julle te onthou van vleeslike begeertes wat stryd voer teen die siel;
1Pe 2:12 en hou julle lewenswandel onder die heidene *[nasies]* skoon, sodat as hulle van julle kwaad spreek soos van kwaaddoeners, hulle op grond van die goeie werke wat hulle aanskou, God kan verheerlik in die dag van besoeking.

1Pe 3:1 Net so moet julle, vroue, aan jul eie mans onderdanig wees, sodat, as sommige aan die woord ongehoorsaam is, hulle ook deur die wandel van die vroue sonder woorde gewin kan word
1Pe 3:2 as hulle jul reine, godvresende wandel aanskou het.
1Pe 3:3 Julle versiering moet nie uiterlik wees nie: haarvlegtery en omhang van goud en aantrek van klere nie,
1Pe 3:4 maar die verborge mens van die hart in die onverganklike versiering van 'n sagmoedige en stille gees, wat baie kosbaar is voor God.
1Pe 3:5 Want so het vroeër ook die heilige vroue wat op God gehoop het, hulleself versier, en hulle was aan hul eie mans onderdanig,
1Pe 3:6 soos Sara gehoorsaam was aan Abraham en hom heer genoem het; wie se kinders julle geword het as julle goed doen en geen enkele verskrikking vrees nie.
1Pe 3:7 Net so moet julle, manne, verstandig met hulle saamlewe en aan die vroulike geslag, as die swakkere, eer bewys, omdat julle ook mede-erfgename van die genade van die lewe is—sodat julle gebede nie verhinder mag word nie.
1Pe 3:8 En eindelik, wees almal eensgesind, medelydend, vol broederliefde en ontferming, vriendelik.
1Pe 3:9 Vergeld geen kwaad met kwaad of skeldwoorde met skeldwoorde nie, maar seën inteendeel, omdat julle weet dat julle hiertoe geroep is, sodat julle seën kan beërwe.

Petrus sê:

- Lê alle boosheid, bedrog, kwaadpratery af.
- Laat julle soos lewende stene opbou, tot 'n geestelike huis, 'n heilige priesterdom, om te verkondig die deugde van Hom wat julle uit die duisternis geroep het tot Sy wonderbare Lig.
- Weerhou julle van vleeslike begeertes wat stryd voer teen die siel;
- Net so moet julle, vroue, aan jul eie mans onderdanig wees, sodat, as sommige aan die woord ongehoorsaam is, hulle ook deur die wandel van die vroue sonder woorde gewin kan word as hulle jul reine, godvresende wandel aanskou het.
- Julle versiering moet nie uiterlik wees nie: haarvlegtery en omhang van goud en aantrek van klere nie, maar die verborge mens van die hart in die onverganklike versiering van 'n sagmoedige en stille gees, wat baie kosbaar is voor God.
- Manne moet verstandig met hulle vroue saamlewe en aan die vroulike geslag, as die swakkere, eer bewys, omdat vroue ook mede-erfgename van die genade van die lewe is.
- Wees eensgesind, medelydend, vol broederliefde en ontferming, vriendelik.
- Moet nie kwaad met kwaad vergeld nie.

Petrus gaan voort:

1Pe 5:1 Ek vermaan die ouderlinge onder julle, ek wat 'n mede-ouderling en getuie van die lyde van Christus is, wat ook 'n deelgenoot is van die heerlikheid wat geopenbaar sal word:
1Pe 5:2 Hou as herders toesig oor die kudde van God wat onder julle is, nie uit dwang nie, maar gewilliglik; nie om vuil gewin nie, maar met bereidwilligheid;
1Pe 5:3 ook nie as heersers oor die erfdeel nie, maar as voorbeelde vir die kudde.
1Pe 5:4 En wanneer die Opperherder verskyn, sal julle die onverwelklike kroon van heerlikheid ontvang.
1Pe 5:5 Net so moet julle, jongeres, aan die oueres onderdanig wees; en wees almal met ootmoed bekleed in onderdanigheid aan mekaar, want God weerstaan die hoogmoediges, maar aan die nederiges gee Hy genade.
1Pe 5:6 Verneder julle dan onder die kragtige hand van God, sodat Hy julle kan verhoog op die regte tyd.

Petrus sê voorts:

- Die ouderlinge moet opreg en vrywilliglik toesig hou oor die kudde van God.
- Die jongeres moet aan die oueres onderdanig wees, en almal in nederigheid aan mekaar onderdanig.
- Wees nederig voor God sodat hy die nederiges kan verhoog op die tyd wat dit Hom behaag.

Die koninklike priesterdom waana Petrus verwys in 1Pet.2:9, verander die familiestrukture wat tot nou toe aangedui is na 'n gemeentelike struktuur. Hy maak melding van ouderlinge, waarvan hy self een is, om as waardige herders toesig oor die kudde van God te hou.

Petrus verwys na die verskyning van die Opperherder, nl. Jahshua. Hy het die toesig oor Sy kudde skape aan die apostels as ouderlinge oorgelaat om hulle te lei en te onderrig dienooreenkomstig die vervulling van die wet en en profete asook die opdragte wat Hy hulle beveel het – Mat.28:19- "… en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het."

Paulus sluit hom hierby aan waar hy die eienskappe van die ouderling en diaken voorskryf:

Hand.14:23 En hulle het in elke gemeente vir hulle ouderlinge gekies, en hulle, ná gebed en vas, opgedra aan die Here in wie hulle geglo het.

1Ti 3:1 Dit is 'n betroubare woord: as iemand na 'n opsienersamp verlang, begeer hy 'n voortreflike werk.
1Ti 3:2 'n Opsiener dan moet onberispelik wees, die man van een vrou, nugter, ingetoë, fatsoenlik, gasvry, bekwaam om te onderrig;
1Ti 3:3 geen drinker, geen vegter, geen vuilgewinsoeker nie, maar vriendelik; geen strydlustige, geen geldgierige nie;
1Ti 3:4 een wat sy eie huis goed regeer en sy kinders met alle waardigheid in onderdanigheid hou.
1Ti 3:5 Maar as iemand nie weet om sy eie huis te regeer nie, hoe sal hy vir die gemeente van God sorg dra?
1Ti 3:6 Hy moet nie 'n nuweling wees nie, sodat hy nie verwaand word en in dieselfde oordeel as die duiwel val nie.
1Ti 3:7 Maar hy moet ook goeie getuienis hê van die buitestaanders, sodat hy nie in veragting en in die strik van die duiwel val nie.
1Ti 3:8 Net so moet die diakens waardig wees, nie uit twee monde spreek nie, nie verslaaf aan wyn nie, geen vuilgewinsoekers nie,

1Ti 3:9 manne wat die verborgenheid van die geloof in ‘n rein gewete hou.
1Ti 3:10 En hulle moet ook eers ‘n proeftyd deurmaak; daarna, as hulle onberispelik is, kan hulle dien.
1Ti 3:11 Net so moet die vroue waardig wees, geen kwaadspreeksters nie, nugter, betroubaar in alles.
1Ti 3:12 Die diakens moet manne van een vrou wees en hulle kinders en eie huis goed regeer.
1Ti 3:13 Want die wat goed gedien het, verkry vir hulle ‘n eervolle plek en veel vrymoedigheid in die geloof in Christus Jesus.
1Ti 3:14 Ek skryf jou hierdie dinge in die hoop om gou na jou te kom.
1Ti 3:15 Maar as ek vertoef, dan kan jy weet hoe iemand hom moet gedra in die huis van God, wat die gemeente is van die lewende God, ‘n pilaar en grondslag van die waarheid.
1Ti 3:16 En, onteenseglik, die verborgenheid van die godsaligheid is groot: God is geopenbaar in die vlees, is geregverdig in die Gees, het verskyn aan engele, is verkondig onder die heidene, is geglo in die wêreld, is opgeneem in heerlikheid.

Hiermee is die eienskappe uiteengesit van iemand wat as ouderling of owerste oor die gemeente of kudde van God, diens wil doen.

Hierdie gemeente word deur Petrus as ‘n **Geestelike Huis** bestempel en dat die gelowiges hulle as lewende stene in die huis moet laat inbou – 1Pet2:5.

Paulus meld dat die voorskrifte m.b.t. ouderlinge en diakens die wyse is waarop hulle as opsieners hulle moet gedra in die **Huis van God, wat die gemeente van God is.** Jahsua is die Hoeksteen van hierdie Huis – 1Pet2:4,6-8.

Petrus se uitspraak m.b.t. die volk as koninklike priesterdom, maak dat die familiehoofde en priesterhoofde binne die Levitiese priesterorde, soos reeds breedvoerig bespreek, nou vervang is met ‘n koninklike priesterdom met Jahshua as ons Koning en Hoë Priester volgens die orde van Melgisédek en elke gesinshoof is priester van sy huis.

Elke gesinshoof as priester binne hierdie orde erken die oppergesag van Jahshuah as die Hoë Priester volgens die orde van Melgisédek. Melgisédek beteken “my Koning is Geregtigheid” of Koning van Geregtigheid – Heb.7:2.

Israel as volk se familiestrukture binne die Levitiese orde, ondergaan hiermee 'n klemverskuiwing daarin dat volksverband sinoniem word aan gemeenteverband. Priesterhoofde word vervang met ouderlinge as gemeentehoofde met Jahshua as Hoë Priester volgens die orde van Melgisédek, wat die Levitiese orde vervang het toe die voorhangsel geskeur het met Sy dood en met Sy opstanding, Hy die Hoë Priester volgens die orde van Melgisédek geword het.

Die vroeë gemeentes het wel vir Jahshua as koning erken en Hom geraadpleeg waardeur hulle Sy wil te wete gekom het m.b.t die twaalfde apostel waar Hy deur lotsbeslissing hul geantwoord het. Hulle het Sy nabyheid ervaar waar hulle gevangenis was en op wonderbaarlike wyse vrygelaat is. Hulle het die nabyheid van die Gees ervaar wat hulle verhinder het om sekere plekke aan te doen en kragtig in hulle geweek het by wyse van die gawes van die Gees.

Jammerlik word die Melgisédek orde nie hedendaags toegepas nie. Die liberalisme het gemaak dat die man as gesinshoof in baie gevalle ontsetel is en het feminisme *[Maatskaplike (gesins) en ekonomiese gelyke regte vir vroue.]* 'n vastrapplek in ons samelewings gekry.

Gedurende die 1980's het vroue nog algemeen hoede in die kerk gedra, maar is mettertyd uitgefaseer. Vroue is intussen as ouderlinge en diakens gekies en is vroue ook tot die predikant's beroep toegelaat. Uiteindelik word homoseksuele predikante ook toegelaat om gemeentes te bedien, wat ten hemele skrei – Rom.1:...27..., 1Kor.6:10.

Volgens 1Kor.11 is God die hoof van Christus en Christus die hoof van elke man en die man is hoof van sy vrou.

1Kor.11:3 Maar ek wil hê dat julle moet weet dat Christus die hoof is van elke man, en die man die hoof van die vrou, en God die hoof van Christus.
1Co 11:4 Elke man wat bid of profeteer met iets op sy hoof, doen sy hoof oneer aan;
1Co 11:5 maar elke vrou wat bid of profeteer met onbedekte hoof, doen haar hoof oneer aan; want dit is een en dieselfde asof haar hoof geskeer is.
1Co 11:6 Want as 'n vrou se hoof nie bedek is nie, laat sy dan ook haar hare afsny; maar as dit vir 'n vrou lelik is om haar hare af te sny of te skeer, laat sy haar hoof bedek.
1Co 11:7 Want 'n man moet die hoof nie bedek nie, omdat hy die beeld en heerlikheid van God is; maar die vrou is die heerlikheid van die man.
1Co 11:8 Want die man is nie uit die vrou nie, maar die vrou uit die man.

1Co 11:9 Want die man is ook nie ter wille van die vrou geskape nie, maar die vrou ter wille van die man.

1Co 11:10 Daarom moet die vrou ‘n aanduiding van gesag op die hoof hê ter wille van die engele.

Hiervolgens sal ons, as ons ons aan die Melgisédek orde wil onderwerp, die man se posisie as die beeld en gesag van God moet erken deur die vrou haar hoofbedekking te laat dra, waardeur sy weer onder die gesag en beskerming in kan kom van haar man en van Christus. Andersins erken ons nie die orde wat hier gestel is nie kan die orde van Melgisédek nie op ons van toepassing kom nie.

Gen 3:16 Aan die vrou het Hy gesê: Ek sal grootliks vermeerder jou moeite en jou swangerskap; met smart sal jy kinders baar; en na jou man sal jou begeerte wees, **en hy sal oor jou heers.**

Ons Voortrekker voorsate het hierdie orde gerespekteer en hulle vroue het hoofbedekkings gedra en hulle het hulle ouderlinge en diakens deur raadpleging en lotsbeslissing aangestel. Hulle het ‘n Teokrasie nagestreef en moes volgens die bewoording van die Gelofte van Bloedrivier ‘n Huis stig tot nagedagtenis van God se Groot Naam waar dit Hom behaag. Dit herinner aan die **Geestelike Huis** waarna Petrus verwys waarvan ons as lewende stene deel van moet word – 1Pet2:5.

Dit herinner ook aan Paulus se verwysing na die **Huis van God, wat die gemeente van God is.** Hy behandel die voorskrifte waaraan ouderlinge en diakens moet voldoen wat as opsieners oor die gemeentelike huis van God aangestel wil word. 1Pet2:4,6-8.

Die Voortrekkers se strewe, om as volksgemeente, ‘n geestelike huis te stig as gesagsstruktuur oor hulle, voldoen in alle opsigte aan dit wat die apostels aan die gemeentes voorgehou het. Dit moet in elkgeval elke volk of gemeente se strewe wees om tot die stap oor te gaan waar Jahsua die Hoeksteen is.

Die Huis van Bloerivier, waarna hierdie vergaderings van die Geloftevolk al by herhaling verwys en gedefinieer het, en wat volgens die Skrifte neerkom op die totstandbrening van ‘n Teokrasie, moet tot stigting kom ter nakoming van hierdie Gelofte. Hierdie vergaderings het al reeds ‘n konsep Grondwet saamgestel volgens Teokratiese beginsels waarin die leiers as rigters bekend sal staan en op dieselfde wyse as die 12de apostel aangewys sal word.

Dit getuig van ‘n koninklike priesterdom waarin Jahsua waarlik Koning en Hoë Priester sal wees. Die konsep wet is beskikbaar indien iemand daarin belang sou stel.

Die verstrooide gemeente oorkant die riviere van Kus is hier in Suider Afrika. Hierdie verstrooide gemeente is die verstrooides van Israel as volk, wat die volksgemeente gedagte verder ondersteun. Volgens Sef.3 moet die verstrooide gemeente by Sy Naam skuiling soek en in die vervulling van hierdie profesie sal Jahsua as ons koning, by ons wees.

Die Nagmaal as Verbondsteken wat ons so pas herdenk het, is die vereenselwiging met- en verkondiging van die Nuwe Verbond waarvan Jahshua die Koning en Hoë Priester sal wees. Verder is Hy ook ons oudste Broer [Rom.8:29; Joh.20:17] en daarom ons **Familiehoof,** en terselfdetyd Koning en Hoë Priester en is JHWH ons **Vader**.

Die belangrikheid van familiestrukture binne volksverband is nou aan u voorgehou en daarsonder kan ons nie tot saligheid kom nie. Dit is die orde van Melgisédek waarvan Jahshua, Hoë Priester en Koning sal wees [Koninklike Priesterdom]. Dit is binne hedendaagse terme ‘n Teokrasie. Meer spesifiek kan ons dit as ‘n Melgisédekrasie beskou, met Jahshua as die Koning en Hoë Priester daarvan.

Vrede